HOËRSKOOL SWELLENDAM

NUUSBRIEF
MAART 2018

Beste Ouers
'n Opwindende en bedrywige eerste kwartaal is agter die rug. Weer eens kan ons terugkyk op 'n suksesvolle eerste kwartaal, afgemerk op die 2018 kalender. Dit is met groot trots en dankbaarheid dat verslag gelewer kan word oor die afgelope kwartaal se aktiwiteite en prestasies.
Ons jaartema is: FOKUS. Ons doelwit hierdie jaar is om "afleidings" uit te skakel en om soos Bulterriers aan ons drome vas te klou. Ons motief is sukses, ons instrument is aandag - volgehoue aandag op akademie, sport en kultuur.
Baie dankie ook aan alle ouers, vriende, borge en ondersteuners vir jul samewerking, hulp en belangstelling. Dit word hoog op prys gestel. Dankie ook aan elke ouer, voog, afrigter en opvoeder wat ons leerders ondersteun, sodat hul ook hul talente kan uitleef en hul volle potensiaal by Hoërskool Swellendam kan verwesenlik.
'n Spesiale woord van dank aan die terreinwerkers wat gedurende die eerste kwartaal hard gewerk het om ons skoolgronde netjies te hou. Ons waardeer julle hulp! Dankie ook aan elke Swellie wat deur die kwartaal gehelp het om ons skool netjies te hou.
Sterkte aan almal met die tweede kwartaal. Ek is seker daarvan dat die tweede kwartaal vol en bedrywig gaan wees, met oomblikke wat ons verseker vorentoe sal onthou!

AKADEMIE

Aan die einde van die eerste kwartaal moet ouers en leerders die geleentheid gebruik om elke leerder se akademiese vordering te peil. Die rapport fokus hoofsaaklik op die uitslag van die toetse en take van die eerste kwartaal. Die uitslag kan nou al as goeie riglyn gebruik word om te sien of u kind volgens die pas en standaard van die spesifieke graad vorder.
Maak asseblief van die geleentheid gebruik om met u kind se vakonderwysers te skakel en ook die akademiese oueraande by te woon.
Baie geluk aan elke leerder wat gedurende die kwartaal mooi presteer het en hul persoonlike doelwitte nagestreef het. Vir diegene wat nie so presteer het soos jul moes nie – sit skouer aan die wiel, dit is nooit te laat om 'n verskil te maak nie!
Sterkte aan almal met die aanvang van die tweede kwartaal. Ons skryf Junie eksamen en die rapporte gaan Junie op die dag van skoolsluiting uit!

Baie geluk aan die volgende leerders wat die top–presteerders in hul onderskeie grade is:

GRAAD 12	
1	Jeanne-Mari du Toit
2	Alet-Mari Snyman
3	Mariana van Deventer
4	Jillian John
5	Marlé Marx
6	Inamari Neethling
7	JB Steyn
8	Cornel Brink
9	Chrisna Odendaal
10	Marleen Harmse
11	Louis van Eeden
12	John Louw

GRAAD 11		GRAAD 10	
1	Yvette Boshoff	1	Cheranie van Niekerk
2	Emilu Gugel	2	Mari Koegelenberg
3	Lianne Steyn	3	Kayla Baartman
4	Maret Swart	4	Hennie van Deventer
5	Maria Gugel	5	Cobus du Toit
6	Amy Hugo	6	Wilfred Sefoor
7	Jaydin Agus	7	Carlin Stewart
8	Mia Groenewald	8	Lizelle Arlow
9	Franco Munnik	9	Hanlia de Jager
10	Jade du Plessis	10	Chanelle van Antwerpen
11	Quwen Syce	11	Jamie Gertze
12	Zyrté Gertse	12	Anique Cronje
			Michael Conradie

GRAAD 9		GRAAD 8	
1	Nimya Venter	1	Ruben Mare
2	Anke van der Straeten	2	Anné van Zyl
3	Klara van Niekerk	3	Inge Swart
4	Eslé le Roux	4	Paul Jordaan
5	Anmari Bruwer	5	Nina Houterman
6	Mia von Wielligh		Christina van der Vyver
7	Nicolette Jacobsz	7	Luke Nelissen
8	Hanli Franken	8	Kari van As
9	Marenelle van Zyl	9	Liané de Jager
10	Amy Coetzee	10	Nicola Groenewald
11	Kira Groenewald	11	Hendré van Zyl
12	Rianette Swart	12	Salpremo Nelson

SLAAGVEREISTES: GRAAD 8 EN 9

Huistaal	50%	Vlak 4
Addisionele Taal	40%	Vlak 3
Wiskunde	40%	Vlak 3
Enige drie ander vakke	40%	Vlak 3
2 van die oorblywende vakke	30%	Vlak 2

SLAAGVEREISTES: GR.10 – 12

Huistaal	40%	Vlak 3
2 ander vakke	40%	Vlak 3
3 ander vakke	30%	Vlak 2

SBL- VERKIESING

Graag wil ons elke ouer hartlik bedank vir die groot opkoms by ons SBL-verkiesing van 2018.
Die verkiesing kon afgehandel word danksy ‘n kworum en as gevolg van die 107 ouers wat die verkiesing bygewoon het! Weer eens baie dankie vir almal se teenwoordigheid.
Die nuwe SBL vir 2018 - 2020 is verkies. Ek wil baie dankie sê aan elkeen van die lede wat bereid is om op die skool se SBL te dien. Ek wil ook vir elkeen van die lede baie sterkte en voorspoed toewens met die groot taak. Ons hoop hul geniet dit om by die skool betrokke te wees.
Die SBL-lede het hul eerste vergadering gehou en die volgende ampte en portefeuljes is verkies:

VOORSITTER - Mnr. Heinrich Tipps; **TESOURIER -** Mnr. Henk Botes;
SEKRETARESSE- Mev. Yolande du Preez; **ONDER-VOORSITTER-** Mnr. Chris Coetzer;
FINANSIES- Mnr. Henk Botes, Mev. Anel Olivier, Mnr. Nicholas Pelser**;**
AKADEMIE- Mnr. Nicholas Pelser**; INSTANDHOUDING-** Mnr. Chris Coetzer
SWEMBAD- Mnr. Nicholas Pelser**; KULTUUR-** Mev. Chelra Steenekamp
DISSIPLINE- Mnr. John Brink, Mev. Chelra Steenekamp, Mev. Stella Weichelt
KOSHUIS- Mev. Hester Jordaan; **SPORT-** Mev. Stella Weichelt**;**
BEMARKING- Mev. Carola Koekemoer

Mnr. Pelser

GESKEDULEERDE ONDERHOUD

Dit is met groot opgewondenheid dat ek kan aankondig – die WKOD het ons in kennis gestel dat hul vanaf 2 Mei – 2 Desember 2018, by die skool geskeduleerder onderhoud gaan kom doen. Die werk behels algemene onderhoud van die skool asook herstel en verfwerk. Ons sien uit daarna om te sien wat WKOD als hier by ons skool gaan doen!

Mnr. Pelser

WATERKRISIS IN DIE WES-KAAP

Ek is seker dat alle ouers baie bewus is van die dreigende watertekort in die Wes-Kaap. Ons doen ‘n beroep op alle ouers om ons te help om leerders deurgans bewus te maak van verantwoordelike watergebruik en waterbesparing. Tans is hier geen waterbeperkings in Swellendam nie, maar ons vra ook vir ouers om ons te ondersteun om vir ons leerders ook ‘n voorbeeld te wees ten opsigte van verantwoordelike waterverbruik en waterbesparing.
By die skool en sportgronde, maak ons ‘n punt daarvan om water baie spaarsamig te gebruik.
Bakstene is in die toiletbakke aangebring, al ons krane is nagegaan vir lekplekke en die terrein word net uit nood natgespuit. Ons is egter bevoorreg om ook goeie reën te kon hê die afgelope tyd wat ons kon help om minder nat te spuit en ook om die swembad vol te hou!

Die skool sal graag op strategiese plekke watertenke wil aanbring. As daar enige ouers is wat ons hiermee behulpsaam kan wees, maak asseblief kontak met die skool.

INTERVENSIEKLASSE / ONDERSTEUNINGSKLASSE

Intervensieklasse word op Dinsdae en Donderdae aangebied van 14:00 – 14:45.

- Dinsdae sal die ondersteuningsklasse aan vakgroepe aangebied word en sal die onderwyser die leerders hiervan in kennis stel.
- Donderdae is vir individuele ondersteuning. Opvoeders sal leerders identifiseer en leerders uitnooi om die ondersteuningsklasse by te woon.
- Dit staan leerders ook vry om self afsprake met opvoeders te maak.

Ons versoek leerders en ouers om bogenoemde reëling as ‘n geleentheid tot groei te sien en u samewerking in die verband te gee.

Mnr. Pelser

TUISWERK / TOETSE

Ons doen ‘n dringende beroep op alle ouers om ons asseblief te help om toe te sien dat leerders elke dag hul tuiswerk by die huis voltooi.
Dit is vir ons kommerwekkend om te sien dat leerders glad nie akademies ingestel is nie en nie ‘n poging aanwend om tuiswerk te voltooi nie. Doen asseblief moeite by die huis om vir u kind te vra of hul tuiswerk klaar is en kyk ook self daarna. Vra gereeld hul skryfboeke/werkboeke en kyk na u kind se werk.
Graag wil ons ouers ook aanmoedig om gereeld hul kinders se tuiswerkboeke na te gaan. Kyk spesifiek of daar tuiswerk opgeskryf is in die tuiswerkboek. Doen dan sommer ‘n kontrole en kyk of die werk voltooi is! AS DAAR NIE TUISWERK OPGESKRYF IS NIE, DAN MOET U WEET IEWERS IS IETS FOUT! As u kind elke dag sê dat sy / haar tuiswerk klaar is, dan moet u asseblief u kind aanmoedig om te hersien. Leerders in die Hoërskool kry elke dag tuiswerk! Vra ook gereeld vir u kind of daar nie klastoetse en take is wat u kan teken nie!
Indien u kind een van daardie leerders is wat NOOIT huiswerk of take het om te voltooi nie , moet u asseblief spoedig kontak maak met die skool. Ons sal graag vir u wil terugvoering gee of u kind se tuiswerk elke dag voltooi is!

Mnr. Pelser

OUERAANDE

Op Dinsdag 17 April 2018, om 17:00 vind die oueraand plaas.
Saam met u kind se rapport sal u hiervan ‘n skrywe ontvang om afsprake te maak met vakonderwysers wat u graag sal wil sien.
Maak asseblief gebruik van hierdie geleentheid om u kind se akademiese vordering te bespreek.
Stuur asb die afspraakbriefie terug na die registeronderwyser op 10 April wanneer die skool heropen.

Me. Brown

SKOOLTYE

Skooltye is as volg: Maandae tot Vrydae 07:30 – 14:00.
Dinsdae: 14:00 - 14:40 intervensie aan klasgroepe
Donderdae: 14:00 – 14:40 intervensie aan individuele leerder
Vrydae: 14:00 – 16:00 detensie
Die skool heropen op Dinsdag 10 April 2018, om 07:30. Ons volg dag 4 op die rooster.

Mnr. Pelser

RUGBYDINEE MET STEPHAN TERBLANCHE

Ons nooi alle ouers hartlik uit na ons Swellie-rugbydinee wat gesamentlik aangebied word deur
Hoër- en Laerskool Swellendam. Dit vind plaas op Saterdag 14 April 2018 te Chris Elle.
Die aand beloof ‘n gesellige saamkuier met Stefan Terblanche, Gertjie Odendaal asook ander bekendes, ‘n veiling en ‘n heerlike steakete. Tafelbesprekings word gedoen teen R5 000 vir 10 mense.
Betaling van tafel:
Hoërskool Swellendam Oudskoliere-Bond
ABSA 9238059688
Tak 632005
Verwysing: Rugbydinee + Besigheid se naam
Kontak gerus vir Heinrich Tipps 082 783 0313, Jaco Swart 081 270 7556 of Nicholas Pelser 0721244948 vir meer inligting.

Mnr. Pelser

WISKUNDE

5 Leerders het deelgeneem aan die eerste rondte van die Wiskunde-Olimpiade, waarvan 4 meer as 50% behaal en sodoende deurgedring het na die tweede rondte in Mei.

Mev. Jooste

TENNIS

Vanjaar se dogters en seuns eerstespanne het `n opwindende kwartaal beleef. Mnr. Riaan van den Berg het sy vernuf met die spelers gedeel en ekstra klasse aangebied wat baie gehelp het met die ontwikkeling van ons spelers.

Tennistoernooi en oefenkamp:

Alle vlakke van spelers word geakkommodeer.

Waar : Mosselbaai Tennisklub

Wanneer : 2 en 3 April 2018

Tyd : 08:00 – 16:00

Kostes : R250

Vir enige navrae kontak Katie Műller by 082 6797 298

Mev. Jordaan

ATLETIEK

Ongeveer 60 atlete het deelgeneem aan die Sonebyeenkoms op Bonnievale. 40 Atlete het deurgedring na Noord-Boland.

13 atlete neem deel aan die Bolandbyeenkoms en verdien half-erekleure vir atletiek.

Mev. Jooste

O/15 KRIEKET

Granthim Mert is as kaptein en Grandley Booise as onder-kaptein aangewys. Die span het ’n baie uitdagende seisoen agter die rug. Hul het 4 wedstryde gespeel: teen Drostdy, Swellendam Sekondêr, Montagu en Robertson. Ten spyte van individuele hoogtepunte het die span al hul wedstryde verloor. Kom ons vertrou dat ons die jaar in die 4de kwartaal op ’n hoogtepunt sal afsluit. Weereens baie dankie aan Simon van der Merwe vir sy kosbare hulp met die afrigting van die span.

Mnr. Kirsten

O/19 - KRIEKET

Krieket by die skool is besig om ‘n oplewing te beleef, met rekord getalle wat opdaag by oefening vir seuns en dogters. Ons kon die seisoen ons boulmasjien ook ten volle gebruik, wat nogal ‘n lekker verbetering in die seuns se spel te weeg gebring het.

Wedstrydgewys was daar ‘n paar naelbyters vir O/15 en O/19 seuns. Die seisoen is egter op ‘n hoogtepunt afgesluit met die O/19 seuns wat die jaarlikse aand-wedstryd teen Montana gewen het in ‘n baie oortuigende oorwinning. Die dogters het egter hierdie seisoen gebruik om net te oefen en te bou aan hulle tegniek. Hulle sal dan aan die einde van die jaar weer kans kry om wedstryde te speel.

Dankie aan elke speler wat sy of haar tyd opgeoffer het op die krieketveld.

Mnr. Cornelissen

O/15 RUGBY

Ons sien baie uit na die nuwe seisoen met ’n nuwe span. Die oefeninge sal voorlopig op Maandae, Dinsdae en Donderdae van 16:45 tot 18:00 op Hoërskool Swellendam se velde wees.

Mnr. Kirsten

O/16 / O/19 - RUGBY

Die rugby seisoen kruip stadig maar seker nader! Ons probeer om soveel moontlike geleenthede vir die spelers te reël, maar ongelukkig sukkel ons met samewerking van hulle kant af. Korrespondensie wat uitgaan aan ouers kom nie terug nie en die spelers reageer nie op afkondigings nie. Op die punt wil ons dan vra dat die ouers van die spelers asseblief dringend met hulle kinders sal praat oor wat dit behels om ‘n verpligting na te kom en om ook voluit te gaan vir iets as jy ingestem het daarvoor.

Mnr. Cornelissen

HOKKIE

Opwinding is in die lig... Na ‘n suksesvolle fondsinsameling, waar R23 410 vir die sporttoer genereer is, is die seuns- en dogters eerstespanne gereed om vanaf 28 Maart tot 4 April te Mosselbaai aan die AJ Sportweek te gaan deelneem. So ook, gaan 13 van ons O/16 dogters aan die Bloemhof Investec Hockey Festival op Stellenbosch vanaf 28 - 31 Maart deelneem. Baie sterkte aan al hierdie spanne!

Mnr. van Deventer

NETBAL

Ons netbalspanne is fluks aan die oefen en werk hard aan hul fiksheid!
Ons skop die seisoen af met ‘n toernooi by HTS Drostdy, vanaf 29 Maart – 2 April 2018, waarheen 34 spelers en 3 afrigters gaan. Dit sluit wedstryde en vragte oefening in wat ‘n ideale inspuiting is so aan die begin van die seisoen! Ons begin volgende kwartaal met ‘n toernooi by Hoërskool Bellville en daar wag ‘n heerlike netbalseisoen op ons. Dit is belangrik dat elke speler aan haar fiksheid werk. Behalwe al die ligawedstryde is daar verskeie proewe, asook die Super Spar toernooi op Clanwilliam, net voor interskole! Dit is voorwaar ‘n vol netbalseisoen wat voorlê, waarna ons met entoesiasme uitsien!

Mrs. Steenekamp

SWIMMING

Our swimming team did very well at the Ruêns gala this term. Anique Cronje, Vernique Wessels and Mia Streicher held our school’s name high and proved to be tough competitors. We hope to take part in more galas in future and encourage all those learners who enjoy swimming to be ready for the new training season which starts in the fourth term. All learners interested in joining the swim team must ensure that they have a navy-blue swimsuit and a red swim cap.

Ms. Berndt

RUITERSPORT

Baie geluk aan Nimya Venter en Marenelle van Zyl met hul prestasies in Perdry by die plaaslike landbouskou. Kira Groenewald en Yvette Boshoff het gedurende die eerste kwartaal aan die SANESA qualifier deelgeneem en ook baie goeie prestasies behaal.

Mev. Groenewald

GRAADSENIOR-STELSEL

Die volgende leerders is verkies tot die Graadsenior-komitee vir 2018:
Jeanne-Mari du Toit, Marlé Marx, Yvette Boshoff, Robyn de Koker, Eslé le Roux, Wilfred Sefoor, Chanelle van Antwerpen, Mariana van Deventer, Anique Cronje, Lianne Steyn, Jaden le Roe, Hybri Verhoog
Die komitee sal veranderinge aan die stelsel oorweeg om dit te verbeter.

Mnr. Kirsten

INTERACT KLUB

Die Interact Club het die jaar begin op 'n hoë noot deur 20 nuwe lede by te kry. Die ledetal staan tans op 43. Hierdie entoesiatiese leerders het hulle eerste projek op 14 Februarie gehad waar hulle ongeveer 150 kolwyntjies gebak het en dit aan die plaaslike hospitaal, ouetehuise en DBV se personeel oorhandig het. Hulle het ook 'n town clean up gehad op 19 Maart waar hulle deur die dorp beweeg het met swartsakke en rommel opgetel het. Die kwartaal is afgesluit met 'n projek waar hulle aan een van die plaaslike kleuterskole paaseiers gaan uitdeel het en poppekas gehou het! Hierdie leerders is beslis propvol planne en energie en ons sien uit na wat hulle vir die res van die jaar beplan!

Mnr. Kirsten

ORATORS EVENING

On 20 February we had our third annual orators evening. Thank you to the judges: Mrs Andreé van der Vyver, Mrs Retha Janse van Rensburg and Mr Wynand Olivier for making this wonderful opportunity possible.
We had a record amount of participants (18 seniors and 15 juniors) and strong competition.
Congratulations to all who participated and in particular to the winners.

Juniors:	**HL –**	Anmari Bruwer
	FAL –	Christina van der Vyver
Seniors:	**HL –**	1st: Jillian John and Yvette Boshoff
		2nd Emily Gugel
	FAL –	1st Maret Swart
		2nd Alet-Mari Snyman
		3rd Adrian Edem

Mrs. Steenekamp

WORLD VISION

Die jaarlikse World Vision geleentheid het weer plaasgevind op 21 en 22 Maart by Round the Bend. Die opleiding het baie goed verloop en die organiseerders wil alle dank uitspreek aan elke leerder wat so ‘n goeie bydrae gelewer het. Hulle is hoogs beïndruk met ons leerders se optrede en entoesiasme. Hierdie is ‘n baie groot geleentheid vir beide die leerders en die mense wat hulle help. Ons is baie bly dat die ouers die kinders toelaat om die geleentheid by te woon.
Die volgende geleentheid is 7 en 8 Desember en ek wil vra dat die Graad 11-leerders weer beskikbaar sal wees in daardie tyd.

Mnr. Cornelissen

CAP – CHANGEMAKERS PERSEPSIE VRAELYS

CAP Swellendam is besig met ‘n “Changemakers”-program in die Swellendam omgewing. Met die program wil hul onderwys in die Swellendam omgewing bevorder.
Hul gaan verskeie sessies met die leerders, opvoeders, ouers en rolspelers by skole hê om
vas te stel, waar hul kan help om onderwys in Swellendam te verbeter. Ingesluit by die nuusbrief is ‘n vraelys van CAP. Ons vra dat ouers asseblief die vraelys moet voltooi en dit terugstuur op Dinsdag 10 Maart 2018 as die skool vir die tweede kwartaal heropen.

Mnr. Pelser

MATRIEKRAAD EN VRL

Die jaar het begin met 'n baie suksesvolle kamp, aangebied deur mnr. en mev. Van Deventer, op Hartenbos. Die studenteraad is aktief en aan die gang. Hulle neem leiding waar nodig en dra 'n beeld na buite uit. Mnr. van Deventer gee ook deurlopend leiding waar nodig.
Die VRL bied ook twee geslaagde Valentynsdanse aan.
Die skool se verjaarsdag was ook deur hul georganiseer. Hul het gereël dat die hele skool die geleentheid kry om deur die skooldag te swem.
Aan die begin van die jaar is die personeel ook verwelkom met ‘n heerlike ontbyt.

Mev.Theron

KUNSTEFEES

Die leerders is al lankal aan die oefen.
Ons sien uit na die volgende produksies:
HOOFPRODUKSIE
Graad 8, 9, 10 (2 produksies), 11 en 12 se produksies
Kurt se produksie
Mikaylah Dirks se produksie
Die SPOOK ekstra produksie van die graad 12's
Musiekproduksies

Mev. Theron

REDENAARSKOMPETISIE:

10 sprekers het deelgeneem aan die ATKV eerste-rondte. In die Junior-afdeling was:
ONVOORBEREID: Inge Swart en Anke van Straten
VOORBEREID: Eslé le Roux en Hanli Franken
In die senior-afdeling was:
ONVOORBEREID: Maret Swart, Emily en Maria Gugel
VOORBEREID: Jeanne-Mari du Toit, Yvette Boshoff en Jana Muller

Mev. Theron

DEBUTANTE:

Daar is weer hierdie jaar 'n groep seuns en dogters wat vir ons skool geld insamel. Daar is reeds 'n goeie bedrag geld ingesamel. Die bedrag sal volgende kwartaal bekendgemaak word. Ons moedig die groep aan om hard te werk. Hulle word beloon met 'n lekker prys. Die geld sal hierdie jaar aangewend word om die voorportaal van die skool mooi te maak. Verlede jaar is die geld aangewend om die dogters se kleedkamers oor te doen.

Mev. Theron

TOUTREK:

Daar was hierdie kwartaal 48 trekkers wat gereeld toutrek geoefen het met 3 afrigters, MC Willemse, Pine Pienaar en Mauritz Lambrechts. Na baie goeie kompetisies hier op Swellendam en omgewing vertrek 43 trekkers en hul afrigters na die SA-kompetisie op Kimberley. En hoe trots kan ons nie wees op ons trekkers wat, op nasionale vlak, met groot skole meeding nie! Hulle behaal die volgende posisies:
SEUNS:
400 kg GOUD; 480 kg GOUD; 520 gemeng 5de plek; 440 kg SILWER; 520 kg SILWER
DOGTERS:
440 kg dogters 4de plek

Mev. Theron

VCSV

Ons het ‘n baie geseënde eerste “Ope”-koffiekroeg aangebied op 22 Februarie 2018 waarheen die Gr. 7’s ook uitgenooi was. Wonderlike lofsang en betekenisvolle aktiwiteite saam met ‘n vinnige beker koffie en koekies het die aand ingekleur. Lounette Engelbrecht het gepraat oor SELFBEELD en die etikette wat leerders op mekaar “plak” bevraagteken. Almal is herinner aan die krag van ligsinnige, onnadenkende uitlatings wat oor ons lippe gaan. Positiewe “labels” van erkenning is letterlik in die plek van die negatiewe geplak en leerders is aangemoedig om so voort te gaan deur die jaar.

Dis weer tyd vir die Wes-Kaap IMAGINE saamtrek op Bredasdorp. Die Swellies is dankbaar vir alle ondersteuners en ouers wat die geleentheid vir hulle moontlik maak op 6 - 8 April 2018. Hierdie interkerklike beweging op groot skaal verseker geestelike opvoeding en groei wat in ons gejaagde vol programme maklik agterweë bly. Seën en sterkte aan almal wat 'n aandeel het. Spesiale dank aan Adriaan Van Zyl vir sy moeite om die hoërskool leerders te help motiveer en mobiliseer tot deelname.

Mev. Mouton

VOORTREKKERAKTIWITEITE

Die Voortrekkers het op 'n hoë noot afgeskop vanjaar met 6 nuwe Graad 8 en 9 lede wat aangesluit het.
Die eerste byeenkoms van die jaar was reeds 'n groot avontuur met 'n besoek aan Felix Unite langs die Breërivier. Hulle het 16 Graad 7, 8 en 9 Voortrekkers met rubberbote op die rivier laat roei. Die stroomversnellings het vir groot opwinding gesorg. Nie eers die reën kon die opwinding demp nie!
Hierdie aktiwiteit is opgevolg met opleiding in lewensredding by die Dorpsdam onder die bekwame leiding van Mia Groenewald wat 'n ervare lewensredder vir See en Sand is.
Valentynsdag is gevier met 'n bergklimuitstappie na die Waterval in die Marloth Natuurreservaat. Almal het die verfrissende koue water getrotseer en daar is heerlik piekniek gehou op die rotse. Ons hoop dat daar volgende jaar brawe meisies sal wees wat die manne sal vergesel.
Dit was 'n baie groot teleurstelling toe die Kommandokamp wat op Witsand gehou sou word, afgestel is weens slegte weer. Die Verkenners sou vanaf Witsand tot by St Sebastiaansbaai gestap het en die nag op die strand geslaap het. Die Kommando het toe maar in die plek daarvan 'n swemuitstappie na die Dorpsdam gehou.
Die kwartaal gaan afgesluit word met 'n spankamp op die plaas op Maandag, 26 Maart. Die opslaan van 'n weermagtent, skyfskiet, kosmaak op die vuur en 'n nagmars word beplan vir hierdie kamp.

Mev. Streicher

SKAAK

Ses Swellies, Marquin George, Shane Arends, Gabriel Francke, Ayabonga Daki, Austin Classen en Franco Philander het deurgedring tot die finale rondte Overberg Skaakproewe te Caledon op 23/24 Maart 2018. Hul speel 6 wedstryde van 2 uur elk. Uitslae behoort volgende kwartaal bekend gemaak te word.

Mev. Mouton

ROLBAL

Hierdie kwartaal was weer eens 'n besige kwartaal op die rolbalperk met 10 gereelde spelers.
Ons leerders neem al meer deel by die Rolbalklub: hetsy Saterdae spel, klubkompetisies, ope dae sowel as Boland-kompetisies.
Hulle en hul ouers het ook baie hard gewerk tydens die onlangse Besigheidsliga om geld in te samel vir die Jeugfonds.
Ons sal graag ook 'n paar dogters op die baan wil kry!
Daar is vroeg Januarie finale Boland-proewe gehou vir die O/15 en O/20 Interprovionsiale toernooie wat komende vakansie van 2 - 6 April in Bloemfontein plaasvind.
Baie geluk aan die volgende spelers wat gekies is:
O/15- Adre Steyn, Pieter Marais, Brandon Hains
O/20- JB Steyn en Ben Meyer
Juf. Brown vergesel die spelers as 'n spanbestuurder.

Me. Brown

GOLF:

Our golf team has enjoyed a season full of great memories and helpful learning curves. We set off this term with half of an all-new team. The newcomers, Ian Steenkamp and Raymond Koen, did very well and have become a wonderful new addition to our team made up also of former members, Mia Groenewald (Captain) and Raymond van Jaarsveld. We played different games at courses such as Bonnievale, Bredasdorp, Montagu and Robertson this season. Our best scoring player this season was Raymond van Jaarsveld, who earned 55 points as his total. Our school landed in 15th place amongst the tough competition. We are proud of these learners and considering the new novice players; we are happy with these results!

Ms Berndt

FILM CLUB

This term Film Club members were confronted with a very difficult but rewarding film. We watched, iconic director, Ingmar Bergman's film ***Det sjunde inseglet*** (The seventh seal). This film, which debuted in 1957, is set during the time of the Black Plague and after the Crusades. It asks existentialist questions about life and death and God. The film tells of the journey of a medieval knight (Max von Sydow) and a game of chess he plays with the personification of Death (Bengt Ekerot), who has come to take his life. During the film learners were able to identify different perspectives of life and death as portrayed by the other minor characters as well. The Seventh Seal is considered a classic of world cinema, as well as one of the greatest movies of all time. It established

Bergman as a world-renowned director, containing scenes which have become iconic through homages, critical analysis, and parodies. With this difficult film behind us, we then turned to something more light-hearted and endearing and watched a special film by director Hayao Miyazaki. The film, **Tonari no Totoro** (My neighbor Totoro), is a beautiful film in which Miyazaki's unique ability to characterize and animate REAL characters is masterfully portrayed. Learners thoroughly enjoyed the joy, heartache and magic wrapped up in this important film. Film critic Roger Ebert of the *Chicago Sun-Times* identified *My Neighbor Totoro* as one of the "Great Movies", calling it "one of the lovingly hand-crafted works of Hayao Miyazaki". In his review, Ebert declared "*My Neighbor Totoro* is based on experience, situation and exploration – not on conflict and threat", and described its appeal:
"... it would never have won its worldwide audience just because of its warm heart. It is also rich with human comedy in the way it observes the two remarkably convincing, lifelike little girls.... It is a little sad, a little scary, a little surprising and a little informative, just like life itself. It depends on a situation instead of a plot, and suggests that the wonder of life and the resources of imagination supply all the adventure you need."
It has been a busy and mind-filled term for our film club kids. We look forward to seeing what wonderful creations they come up with after the holidays with their own personalized stop-motion project!

Ms Berndt

OUERKOMITEE

Baie dankie vir 'n wonderlike ouerkomitee wat onder leiding van mev. Riana Cronje hierdie jaar weer bereid is om die skool te help. Dankie vir voorvat en planne maak, vir al die snoepies en reëlings. Ons sien elke beweging raak en waardeer dit vreeslik baie. Ons wens jul ook alle sterkte en voorspoed met die wintersportprogram toe!

Mev. Theron

ADVERTENSIEBORDE: SKOOL EN SPORTGRONDE

As daar enige ouers, besighede of ander belangstellendes is wat daaraan dink om 'n advertensiebord by die skool of sportgronde wil aanbring, maak asseblief kontak met mnr. Pelser.
Ons sal graag meer van die borde wil aanbring.

Mnr. Pelser

SKOOLFONDS: 1STE KWARTAAL 2017

Aan alle ouers wat gereeld en getrou hul skoolfonds betaal, wil ons ons opregte dank en waardering uitspreek. Rekeninge word maandeliks gehef en skoolfonds is maandeliks vooruitbetaalbaar voor die 7de van elke maand. Ons doen 'n spesiale beroep op alle ouers om by hierdie reëlings te hou – die skool het ook maandelikse verpligtinge om na te kom en dit kan slegs nagekom word as u u skoolfonds stiptelik betaal. Indien u daarin belangstel om 'n debietorder vir u skoolfonds in te stel, maak asseblief met mev. Olivier kontak om die reëling te tref.
Die SBL doen 'n dringende beroep op alle ouers dat jul asseblief jul finansiële verantwoordelikheid teenoor die skool moet nakom en die skoolgelde vir die eerste kwartaal op datum bring. Dit is die beleid van die Beheerliggaam dat alle agterstallige skoolgelde aan die einde van elke kwartaal oorgegee sal word aan die skool se prokureurs vir invordering. Oorhandiging van skoolgeld is 'n onaangename proses wat ons liefs wil vermy. HIERDIE SKRYWE DIEN AS AANMANING VIR DIE BETALING VAN U SKOOLGELDE. *Alle skoofooie moet teen 31 Maart 2018 ten volle vereffen wees.*

Mev.Olivier

WEBBLADSY

Besoek gerus ons skool se webbladsy by www.hsswellendam.co.za. Daar is 'n opgedatteerde datumlys vir die res van 2017. Daar is ook heelwat ander interessante inligting asook foto's ens. waarna u kan kyk. Dankie aan Me. Groenewald wat die webtuiste instand hou!

OUD-LEERDERS EN SWELLENDAMMERS

Oud – Swellies is vir ons skool belangrik en ons is baie trots op hul verdere vordering in die breë samelewing. Ons doen 'n beroep op ouers en vriende van Hoërskool Swellendam om die skool oor enige prestasies, hoogtepunte, lief en leed in kennis te stel. U kan op verskeie maniere hierdie inligting aan ons deurgee:

- e-pos aan swellies@telkomsa.net
- besoek Hoërskool Swellendam se Facebook – blad
- per pos aan: Hoërskool Swellendam, Posbus 141, Swellendam, 6740
- skakel ons by 028 – 514 1361.